# HOOFSTUK III.

## DIE STRYD OM STAATSHOOFSKAP IN TRANSVAAL, 1838-1852.

### 1. Optrede van Potgieter as Kommandant aan Mooirivier.

Na die skeiding van die weë van die Trekkers by Vetrivier, en nog voor die Retief-Maritz-groep na Natal getrek het, het Potgieter en sy volgelinge hulle eie koers ingeslaan om hulle op hulle eie grondgebied te gaan vestig, naamlik dié wat hulle van Makwana geruil en van Silkaats verower het.[1]

Blykbaar het die Potgieter-geselskap, wat organisasie betref, na hierdie afskeiding, weer teruggekeer tot die kommandostelsel as grondslag van hulle militêre sowel as staatkundige organisasie, en is die regeringsgesag uitgeoefen deur Potgieter, as kommandant, bygestaan deur ŉ krygsraad.[2] Dit was altans die geval voor hulle die Vaalrivier oorgetrek en hulle in Potchefstroom gaan vestig het.

Nadat Potgieter hulp aan die Natalse Trekkers verleen het in die noodlottige Italeni-slag, het hy na die Vrystaatse vlaktes teruggekeer, en na ŉ deeglike verkenning van die Oorvaalse gebied, het hy en van sy volgelinge in 1838 die Vaalrivier oorgetrek en teen die einde van die jaar Potchefstroom aan die oewer van die Mooirvier aangelê,[3] vanwaar hy met sy krygsraad[4] geregeer het oor ŉ uitgestrekte gebied, naamlik die

---

1) R.20/38: Potgieter se uiteensetting aan die Goewerneur van die Kaapkolonie van hulle reg op dié grondgebied, d.d. 3 Des.1838. (Voortrekker-argiefstukke, bll.29-31). Hierdie uiteensetting toon verder dat Potgieter as leier van sy groep Trekkers opgetree het. (ŉ Vertaling van die dokument is ook gepubliseer in Potgieter en Theunissen: a.w., bll.110-113).

2) Vgl. Herinneringe van A.H.Potgieter jnr. (Preller: Voortrekkermense III, bl.29); ook Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.46.

3) Potgieter en Theunissen: a.w., bll.114-115.

4) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.48. Oor die kwessie van die aard van die Potgieter-regering oor die Potchefstroom-Winburg-gebied bestaan daar nie volkome duidelikheid nie. Potgieter en Theunissen (a.w., bl.116) sê dat Potgieter in die regering deur ŉ volksraad van 12 lede bygestaan is. Van Heerden meen dat hy bygestaan is deur ŉ krygsraad. A.H.Potgieter jnr. deel in sy Herinneringe mee dat voor die totstandkoming van die Drie-en-dertig Artikels in 1844, sy vader deur ŉ

Trans-oranjese gebied ten noorde van die Vetrivier en die Transvaalse gebied vanaf die huidige Standerton tot in Bechuanaland.[5]

Na die vereniging van Potchefstroom-Winburg en Natal in 1840, het Potgieter as lid van die Potchefstroomse Adjunk-raad en van die gesamentlike Natalse Volksraad, in teorie geen meerdere seggenskap as enigeen van die ander Volksraadslede gehad nie, hoewel hy nog deur die agterbergse mense as hulle kommandant beskou was. Sy briewe wat hy aan Pretorius geskrywe het, het hy kragtens die Mooiriviierse Ooreenkoms van Oktober 1840 onderteken as <u>Commandant en Bestierder van Potschefstroom.</u>[6] Hoewel die twee Voortrekker-gemeenskappe deur die Ooreenkoms en die latere besluite van die Natalse Volksraad tot ʼn eenheid saamgesnoer is, het Potgieter nog steeds sy vlag oor die Potchefstroom-Winburg-gebied laat wapper.[7] Die briefwisseling tussen hom en Pretorius[8] getuig ook daarvan dat Potgieter hom nie net op militêre terrein as voorman van sy gemeenskap beskou het nie maar wel dat hy in ʼn meerdere hoedanigheid opgetree het. Een van die beste voorbeelde van hoe en in watter lig die twee voormanne mekaar beskou het, kan afgelei word uit die hierbo genoemde brief van Potgieter aan Pretorius. Toe die Kaapse Goewerneur in 1841 vir kaptein Smith met ʼn troepe-eenheid na die grens van die

---

krygsraad, en ná 1844, deur ʼn volksraad bygestaan is. (Preller: <u>Voortrekkermense III</u>, bl.29). Tydens die onderhandelinge met die Natalse Volksraad word van die Raad gespreek as die Raad van Potgieter.(Notule van die Natalse Volksraad, art.5, 3 Sept.1840 - Preller: <u>Voortrekkerwetgewing</u>, bl.73). Op grond van hierdie gegewens meen Wichmann dat aangesien dit weens gebrek aan dokumente nie moontlik is om die aard van die werksaamhede en van die gesag van die Raad te bepaal nie, dit moontlik is dat die Raad gevorm kon gewees het deur die krygsraad met moontlike byvoeging van enkele gekose persone (a.w., bll.21-22). Ook Engelbrecht wil hom weens gebrek aan dokumente nie aan ʼn definitiewe uitspraak waag nie. (<u>Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom, 1842-1942</u>, bl.14). Wat egter seker is, is dat Potgieter die toon aangegee het.

5) Potgieter en Theunissen: a.w., bl.116.

6) Bv. R.84/41: Potgieter aan Pretorius, d.d. 28 Aug.1841. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.136-138).

7) Potgieter en Theunissen: t.a.p., bl.122. Ook Engelbrecht: <u>Thomas Francois Burgers</u>, Pretoria, 1933, bl. 145.

8) Kyk hierbo, bl.81.

Natalse Republiek gestuur het,[9] het Pretorius hom met Potgieter in verbinding gestel om blykbaar van hom te verneem wat Potgieter en sy volgelinge se opinie was omtrent die houding wat teenoor die Engelse ingeneem moes word.[10] Op hierdie brief, waarvan die teks ongelukkig nie te vinde is nie, antwoord Potgieter dan op 28 Augustus as volg:

> "Nu van den Brit. Van de burgers kan ik niets zegge, de Edele Raad en UWelEdelens kan het beslisse, maar zal alleen in dit geval van myn zelve UWelEdele berigte waarvan ik tot myn laatste ademtocht niet by nog af zal doen terwyl UWelEdelens my er om vraag. Ik wil my onder geen Brit, nog onder geen mogenheid van in de waereld onderwerpe in rechtvaardigheid, ik ben geen Brit, zo hoop en vertrouw ik het ook nooit te mogen worden, en bid in dit geval niet alleen voor my, maar zelfs voor onze geheele Vereenigde Burgerlyke Maatschappy tot den Allerhoogste, en wil altoos liever 10 trede voorwaarts gaan dan 1 agteruit."

Op 22 Februarie 1842, toe die Engelse gevaar in Natal groter afmetings aangeneem het en goewerneur Napier deur middel van 'n proklamasie gedreig het om Port Natal en omliggende gebied te annekseer, het Pretorius hom weereens, blykbaar sonder opdrag van die Volksraad, na Potgieter gewend, waarop Potgieter hom as hoofkommandant geantwoord het.[11] Op 6 Junie 1842 het Pretorius weereens 'n rapport aan Potgieter gestuur, waarin hy gemeld het dat die Engelse die baai beset het en waarin hy Potgieter versoek het om onmiddellik versterking te stuur, 'n versoek waaraan laasgenoemde geredelik voldoen het.[12] Dit is ook opmerklik dat Potgieter aan Pretorius skrywe as hy verlof vra om 'n kommando teen Silkaats uit te stuur,[13] en dat die Natalse Volksraad die brief behandel het sonder om enige aanmerkings op die feit te maak dat dit nie aan hulle gerig was nie.[14]

---

[9] Preller: Andries Pretorius, bll.188-189.

[10] Potgieter en Theunissen: a.w., bl.123.

[11] R.91i/42: Potgieter aan Pretorius, d.d. 4 April 1842. (Voortrekker-argiefstukke, bll.158-163).

[12] R.99/42: Potgieter aan Pretorius, d.d. 6 Julie 1842. ( Voortrekker-argiefstukke, bll.173-174). Kyk ook Potgieter en Theunissen: a.w., bll.128-129; Preller: Andries Pretorius, bl.195.

[13] Kyk voetnoot 11 van hierdie hoofstuk.

[14] Notule van die Natalse Volksraad, art.1, 25 April 1842. (Preller: Voortrekkerwetgewing, bl.200).

Ten spyte van die besluit van die Volksraad dat

> "niet kan worden toegestaan onder de tegenwoordige omstandigheden een Commando zal uitgaan,"

het dié kommando op 15 Mei 1842 onder bevel van Potgieter vertrek.[15] Die vraag wat nou ontstaan, is: indien Potgieter die kommando op eie risiko onderneem het, het hy dit gedoen in sy hoedanigheid as bestierder van Potchefstroom, en het hy gemeen dat hy in hierdie kapasiteit ten volle geregtig was om so 'n stap te doen? Op hierdie vraag kan ongelukkig geen uitsluitsel gegee word nie.

Toe die Volksraad in Julie 1842 vir Pretorius gelas het om die vlag voor die Engelse in Natal te stryk,[16] en Natal deur Brittanje geannekseer is, het die Potgieter-gemeenskap hulle in 1843 van alle verdere beraadslagings in Natal onttrek omdat hulle nie ten gunste van die onderwerping aan Britse gesag was nie. Aan hulle het kommissaris Cloete ook die versekering gegee dat hy by die Britse regering sou aanbeveel dat die Drakensberge die westelike grens van die Natalse Kolonie sou vorm.[17]

Na aanleiding van die anneksasie van Natal het Potgieter as leier van die Potchefstroom-Winburg-gemeenskap aan kommissaris Cloete verklaar

> "dat wy ons niet beschouwen gehouden en verbonden te zyn aan zekeren traktaad getroffen van de inwoonderen van Port Natal met den Edelen Colonel Cloete, wyl het gescheid (sic!) is buyten voorkennis van onze Maatschappy alhier ....";

dat hulle

> "als vrey geboren Burgers want alle naasies syn vrey en goed waar sy wil ... hoopen ook onafhankelyk en vrey ons eygene saaken te bestieren en sullen tragten om met alle naasies in Vrede te

---

15) Potgieter en Theunissen: t.a.p., bl.127. Hierdie skrywers beweer dat Pretorius sowel as die Volksraad toestemming tot die kommando gegee het. So 'n toestemming kom egter nie in die Natalse Volksraadsnotule voor nie. Al wat voorkom, is die bogenoemde besluit.

16) R.189a/49: Notule van die verrigtinge van die Hof van Landdros en Heemrade, Krugerspost, 19 Sept.1849. (Voortrekker-argiefstukke, bl.406).

17) Van der Walt: Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. (Die Saaier, jrg.1, no.5, bl.8).

> leeven en begeeren met alle vrey te handelen in billikheid."[18)]

Uit die eerste en laaste paragrawe van hierdie brief blyk verder baie duidelik dat Potgieter die voortou geneem en namens sy gemeenskap opgetree het.

Hierdie houding van die Potchefstroomse Adjunk-raad is, soos dit in 1843 deur hoofkommandant Potgieter vertolk is, in 1844 formeel bekragtig deur die uitreiking van 'n bekendmaking dat hulle hulleself nie aan die ooreenkoms wat deur die Natalse Volksraad met kommissaris Cloete aangegaan is, gebonde beskou nie; dat hulle nie geneë was om met die Koningin van Engeland in enige onderhandeling te tree nie; dat hulle hulself as vry en onafhanklik beskou

> "en zullende voortvaren met onze eigen bestier, en hopen van niemand gehindert te worden en ons bestier aan de maatschappelyke burgers sterk (strek) tot aan den wal van Grootrivier." 119).

> "Dit was die geboorte in Transvaal van 'n selfstandige staat." 20)

Sedert Potgieter hom in Transvaal gevestig het, en ook sedert die totstandkoming van die verenigingsooreenkoms met die Natalse Republiek, het hy herhaalde kere as staatshoof van die agterbergse Trekkers opgetree, soos o.a. blyk uit die toekenning in 1841 van woonreserwes aan verskillende kleiner kafferstamme in die westelike gedeelte van Transvaal, en uit die hernuwing van ou ooreenkomste met die kapteins van die Caledonrivier-gebied tydens sy besoek aan Thaba Nchu in 1843.[21)]

---

18) Soutter-versameling, Pakkie 4, no.19: Hoofkommandant Potgieter aan kommissaris Cloete, d.d. Potchefstroom, 3 Okt.1843. Vgl. ook Krüger: a.w., bl. 90.

19) R.120/47. (Voortrekker-argiefstukke, bll.258-259). Die brief het nie uitgegaan van Potgieter en sy Adjunk-raad soos Van Heerden (Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860 - Historiese Studies, Des.1944, bl.200) beweer nie, maar van J.D. van Coller as president van die Raad en die lede van die Raad self. Potgieter het die brief onderteken, nie as hoofkommandant, soos Potgieter en Theunissen (a.w., bl.131) meedeel nie, maar as een van die "representanten des Burgersraad te Potscherfstroom." I.v.m. die naam "Burgerraad van Potchefstroom," kyk Wichmann: a.w., bl.37.

20) Van der Walt: Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R. (Die Saaier, jrg.1, no.5, bl.8). Vgl. ook Wichmann: a.w., bl.36.

21) Potgieter en Theunissen: t.a.p., bll.133-134.

Vanaf die tyd toe die anneksasie van Natal baie moontlik begin lyk het, het die Trekkers Natal geleidelik begin verlaat en het sommige van hulle hulle in die gebied van die Potgieter-gemeenskap gaan vestig, waar dit

> "gou geblyk (het) dat hulle sy gesag aarselend en onwillig erken (het)." 22)

Na die anneksasie het die getalle van die Natallers in Transvaalse gebied aangegroei en sou dit later nog groot moeilikhede in die weg van die totstandkoming van 'n uitvoerende gesag in die nuwe Trekkerstaat lê, omdat die erg demokratiesgesinde Natallers, onder leiding van die vroeëre sekretaris van die Natalse Volksraad, J.J. Burger, 'n groot afkeer van Potgieter se patriargale manier van optrede gehad het. Daarby moet nog gevoeg word dat die Natallers geen groot liefde vir die persoon van Potgieter gekoester het nie.

2. <u>Die Drie-en-dertig Artikels maak geen voorsiening vir 'n staatshoof nie</u>.

Gelyktydig met die verklaring van hulle onafhanklikheid het die Potchefstroomse Burgerraad die grondslag gelê van die latere totstandkoming van die <u>Zuid-Afrikaansche Republiek</u>, deur die aanvaarding op 9 April 1844 van die eerste grondwet wat op Transvaalse bodem opgestel is, naamlik die bekende <u>Drie en Dertig Artikelen</u>,[23] ook genoem die Potgieter-grondwet. Hierdie grondwet dien ook as verdere bewys dat die Potchefstroom-Winburgse gemeenskap hulleself as 'n ten volle onafhanklike gemeenskap in 'n onafhanklike staat beskou het, aangesien in die dokument ook uitdruklik van hulle republiek gespreek word.[24] Die Drie-en-dertig Artikels

> "were true Trekker legislation in spirit and in form, a confused list of civil and criminal laws, the work of earnest and unlettered men. Here was no committee with a civil servant Boshoff in the chair to arrange the clauses in logical sequence, still less with a Commissioner Cloete in the background to purse his lips at some proposals and to

---

22) Ibid., bl.138.

23) Die teks van hierdie grondwet is te vinde in <u>Locale Wetten der Z.A.R., 1849-1885</u>, bll.1-6; G.W.Eybers: <u>Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910</u>, 2nd. imp., London, 1918, bll.349-356; Preller: <u>Voortrekkermense III</u>, bylaag 1, bll.172-173; <u>Suid-Afrikaanse Argiefstukke</u>, Transvaal, no.1, Kaapstad, s.j., bll.5-9. (Vergelyk die uiteensetting i.v.m. die verskillende tekste op bll. 3-4 van laasgenoemde werk).

24) Krüger: a.w., bl.90.

> offer acceptible advice on others. Here rather was a folk moot called out of the dim ancestral Teutonic past, a body of leaders drawing on their experience, providing one at a time for their immediate needs and hopes and fears and following the argument whithersoever it might lead them under a running fire of comment from the crowd of burghers that surged around them. First things were dealt with first, and if presently something that has been overlooked was remembered, it was set down at the end of the clause under discussion, and so on to the next point." 25)

Die Drie-en-dertig Artikels kan nie as 'n ware grondwet beskou word nie want dit het definitief nie die regeringsinrigting gereël nie. Dit het hoofsaaklik reëls neergelê vir die uitoefening van die regspraak in die openbaar, benewens 'n paar algemene burgerlike reëls, en een klousule waarin vir die jaarlikse verkiesing van Volksraadslede voorsiening gemaak word. Die wetgewende mag was in die Volksraad gesetel en die Volksraad sou ook as hoogste hof optree. Dieselfde beginsel wat die Burgerraad van Thaba Nchu ten grondslag gelê het, het dus ook die basis van die nuwe Transvaalse regeringsinrigting gevorm.[26)] Reëls vir die Volksraad is nie neergelê nie, blykbaar omdat die instelling alreeds bestaan het.

Wat veral opmerklik is, is dat in die Drie-en-dertig Artikels geen melding van 'n afsonderlike uitvoerende gesag gemaak word nie en dat geen uitvoerende funksies aan 'n bepaalde persoon of liggaam opgedra word nie. Dit is te meer opmerklik as in aanmerking geneem word dat in Oktober 1840 die vergadering van tussen 300 en 400 burgers besluit het dat Potgieter die <u>bestierder</u> van die distrik Potchefstroom sou wees, en as ook in aanmerking geneem word dat Potgieter tot met die vergadering van 9 April 1844 min of meer in die hoedanigheid van uitvoerende hoof van die hoëveldse Trekkers opgetree het en ook as sodanig beskou is. Die vraag wat by mens ontstaan, is, of Potgieter sedert laasgenoemde vergadering nog dieselfde posisie beklee het as voorheen. Te oordeel na die onafhanklikheidsverklaring

---

25) Walker: <u>The Great Trek</u>, bl.329.

26) Vgl. ibid., bl.329; Wichmann: a.w., bl.40. Wichmann vergelyk die Transvaalse Volksraad met die <u>Raad van Politie</u> van 1837, wat per slot van rekening dieselfde ligaam was as die Thaba Nchuse Burgerraad.

wat die Volksraad die dag ná die aanname van die Drie-en-dertig Artikels opgestel het, en wat deur Potgieter as gewone lid van die Volksraad[27] onderteken is, het hy blykbaar nie meer die posisie van hoofkommandant, en as sodanig, dié van nie-amptelike uitvoerende hoof beklee nie. Hierdie vermoede word versterk deur die feit dat in die Drie-en-dertig Artikels geen woord van 'n hoofkommandant gespreek word nie, maar dat in artikel 8 slegs gespreek word van ieder commandant, ens., wat onder die gesag van die Raad sorteer. Aan die ander kant kan in die afwesigheid van dokumentêre bewyse geredeneer word dat Potgieter as vanselfsprekend as blywende in sy vorige posisie beskou is. Hierdie moontlikheid word ook deur Wichmann genoem, maar hy skakel dit uit ten gunste van eersgenoemde oorweging, deur as volg te redeneer:

> "Uit die artikels blyk dit dat daar onder die Voortrekkers nog geen behoefte aan 'n president of staatshoof bestaan het nie, aangesien daar in die artikels selfs geen melding van 'n uitvoerende amptenaar gemaak word nie. Die trekker-stadium moes eers heeltemal verby wees, voor dat daar sprake kon wees van 'n eintlike sentrale regering. Die ervaringe wat die emigrante op politiek gebied gehad het, is duidelik in verskillende artikels onderkenbaar. Uitdruklik is bepaal dat die kommandante aan die Raad ondergeskik sou wees, terwyl vasgestel is dat geen offisier afsonderlike onderhandelinge met die vyande van die republiek mag aangaan nie.[28] Die nadruk wat hier op die ondergeskiktheid van die kommandante aan die Volksraad gelê word, is hoogs waarskynlik toe te skrywe, deels aan die vermeende alte selfstandige optrede van Pretorius tydens die Natalse anneksasie, en deels aan die afgelope stryd wat hy met die Volksraad oor die konstitusionele posisie van die kommandant-generaal gehad het.
> Om te verhoed dat die hoofkommandant te veel mag en invloed in hom sou verenig, was die probleem, nie alleen van die Natalse republiek nie, maar ook dié van die Transvaalse republiek totdat eindelik 'n sentrale regering in 1860 daargestel is.
> Al die moeilikhede wat Potgieter in Ohrigstad gehad

---

[27] Kyk hierbo, bl.95 en voetnoot 19.

[28] Die laaste gedeelte van die aangehaalde sin geen nie presies die betekenis van die artikel weer nie. Art. 9 lui nl. as volg: "Al diegenen die met buitenlandsche Mogendheden, of hulle Gouverneurs of Ambtenaren aanslagen of verstandhoudingen zullen gevormd hebben, ten einde dezelve tot het plegen van vyandschappen, of het ondernemen van oorlogen tegen deze Republiek over te halen, of hun de middelen daartoe verschaffen, of pogingen aanwenden om verraad te plegen, die zal gestraft worden met eene geldboete van Ryks.500, en uit onze maatschappy verbannen worden; en indien hy wederkeerd, zal hy vogelvry verklaard worden."

> het, die verskille tussen Andries Pretorius en Potgieter, en die vraagstukke waarvoor M.W.Pretorius te staan gekom het, staan in verband met daardie probleem, of wel met die al of nie erkenning van 'n hoogste uitvoerende amptenaar." 29)

Op grond van hierdie redenasie omtrent 'n uitvoerende gesag in 1844 kom Wichmann dan tot die gevolgtrekking dat die Burgerraad van 1844 waarskynlik dieselfde funksie gehad het as

> "die eerste Burgerraad wat tydens die Trek in 1837 te Vetrivier ingestel is ... Die wetgewende, regterlike en uitvoerende mag was dus in een liggaam verenig en dit het, soos te begrype is, later tot baie moeilikhede aanleiding gegee." 30)

Met hierdie bewering en verklaring van Wichmann kan baie moeilik saamgestem word as op omstandigheidsgetuienis gelet word,[31] waaruit dit baie waarskynlik wil blyk dat Potgieter sy rang as hoofkommandant en <u>bestierder</u> behou het. Wat veral die aandag trek, is dat die Drie-en-dertig Artikels met die naam van Potgieter verbind word en onder die Trekkers blykbaar as die Potgieter-grondwet bekend gestaan het.[32] Daaruit kan afgelei word dat Potgieter 'n belangrike aandeel aan die totstandkoming van die Grondwet gehad het. Dit is ook eienaardig dat Potgieter, indien hy van sy vorige amptelike en nie-amptelike kapasiteite onthef sou gewees het, nie as voorsitter van die Potchefstroomse Volksraad opgetree het nie, want mens sou redelikerwys dink dat as die Volksraad al drie regeringsmagte in hom beliggaam gehad het, die ou beproefde aanvoerder tot die belangrike pos van voorsitter gekies sou gewees het. Van kwade gevoelens teenoor Potgieter, wat hom moontlik uit die voorsitterspos kon gehou het, was daar op daardie oomblik blykbaar nie sprake as geoordeel word op die vertroue wat hy in 1845 van die kant van die Trekkers geniet het nie. Trouens, Wichmann verklaar self 'n paar bladsye verder dat dit moeilik is om presies te bepaal welke rol Potgieter na die finale skeiding van wes

---

29) Wichmann: a.w., bl.39.

30) Ibid., bl.40.

31) Vgl. ook Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die S.A.R. tot 1860.</u> (<u>Historiese Studies</u>, Des.1944, bl. 218, voetnoot 26).

32) Herinneringe van A.H.Potgieter jnr. (Preller: <u>Voortrekkermense III</u>, bl.29). A.H.Potgieter jnr. verklaar op dieselfde bladsy ook dat sy vader deur die Volksraad bygestaan is. (Kyk ook hierbo, voetnoot 4).

tussen Natal en die Transvaalse Republiek in die sake van Transvaal gespeel het. Hy spreek die vermoede uit dat Potgieter in dié tyd heelwat invloed op die verloop van Transvaalse sake gehad het

> "terwyl die invloed van die Burgerraad terselfdertyd maar gering was."

Dit is egter duidelik dat Potgieter nie al die Transvalers se vertroue geniet het nie.[33)]

Potgieter se hele optrede ná 1844 getuig van staatshoofskapsoptrede. Een van die duidelikste voorbeelde daarvan is die verwesenliking van ꞌn lang gekoesterde ideaal gedurende die winter van 1844, naamlik om met die Portugese in Delagoabaai in aanraking te kom ten einde ꞌn uitweg na die see te verkry.[34)] Hoewel hy hierdie tog op gesag van die Volksraad onderneem het, onderteken Potgieter die ooreenkoms, waardeur onder andere grense gereël is, wat met die Portugese Goewerneur aangegaan is, as Ho(of) Comm(andant).[35)] In Desember 1844 was dit ook Potgieter wat ꞌn besoek aan Adam Kok te Philippolis gebring het om met hom te onderhandel in verband met al die moeilikhede wat in Trans-oranje ontstaan het.[36)] En bo alles: toe Potgieter voor sy vertrek na Noord-Oos-Transvaal in Mei 1845 tot hoofd Commandant en bestierder uitgeroep is, is in die besluit wat geneem is, gespreek van

> "A.H.Potgieter dien tot hier toe onsen bestierder is geweest en onsen saken heeft bewerksteld." 37)

Uit hierdie enkele gegewens is dit duidelik dat Potgieter, hoewel miskien nie amptelik nie, tog as hoof van die Transvaalse Republiek opgetree het, en is

---

33) Wichmann: a.w., bll.43-44. Vgl. ook Potgieter en Theunissen: a.w., bl.132, waar hulle sê dat die Hoofkommandant ꞌn enorme invloed gehad het en dat die kommandante en veldkornette onder hom die werklike gesag gevoer het. Hierdie stelling is waarskynlik ꞌn bietjie oordrewe.

34) Krüger: a.w., bll.91-93; Potgieter en Theunissen: t.a.p. bll.137-138.

35) R.65/71. (Kyk Krüger: a.w., bl.92, voetnoot 12).

36) Theal: History of South Africa, 1828-1846, bl.425; Potgieter en Theunissen: a.w., bl.135.

37) R.108/45: Verklaring van burgers, 6 Mei 1845. (Voortrekker-argiefstukke, bll.182-185).

dit geen wonder dat Walker selfs van Transvaal as Potgieter se republiek praat nie.[38] Tereg verklaar A.J.H. van der Walt dan ook dat Potgieter

> "wesentlik die administratiewe hoof van die nuwe republiek was, wat in sy optrede 'n ruime speling gehad het." 39)

3. Potgieter verhuis na Noord-Oos-Transvaal. Hy word uitgeroep as Hoofkommandant en Bestierder.

Hoewel Potgieter onmiddellik na April 1844 en in die begin van 1845 opgetree het kragtens die posisie wat hy vroeër beklee het, het sake vir hom, en vir die staatshoofskap, sedert 1845 minder rooskleurig geword en was sy leierskap nie meer so 'n vanselfsprekendheid nie. Hierdie nuwe verwikkeling moet hoofsaaklik toegeskryf word aan die groot aantal Natallers wat hulle na die anneksasie van Natal na die hoëveld begeef het, en wat 'n ander soort regering as die van Potgieter gewoond was.[40]

Hoofsaaklik twee redes was verantwoordelik vir die besluit wat Potgieter ná sy terugkoms van Delagoabaai en die samesprekings wat hy aldaar met Smellekamp gehad het, geneem het om met soveel volgelinge as wat wou saamgaan, na Noord-Oos-Transvaal te verhuis. Een van die redes was heel natuurlik om nader aan Delagoabaai, wat vir die Transvaalse Republiek die enigste uitweg na die see was, te kom.[41] Gepaard hiermee gaan ook die raad wat Smellekamp tydens laasgenoemde se besoek aan Delagoabaai gegee het, naamlik dat die Trekkers met die oog op die Cape of Good Hope Punishment Act liewer noord van 26 grade S.B. moes gaan woon.[42] Die ander rede was die proklamasie van regter Menzies van die Kaapkolonie waardeur al die gebiede suid van die 25ste Suiderbreedtegraad en oos van die 22ste Lengte-

---

38) Walker: The Great Trek, bl.332.

39) Van der Walt: Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R. (Die Saaier, jrg.1, no.5, bl.8).

40) Ibid. Kyk ook Van der Walt: Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge. (Geskiedenis van S.A. II, bl.78).

41) Kyk Wichmann: a.w., bll.41-43; Krüger: a.w., bll. 93-94; Preller: Andries Pretorius, bll.130-131; Herinneringe van A.H.Potgieter jnr. (Preller: Voortrekkermense III, bll.53-54).

42) Krüger: a.w., bll.92-93.

graad as Britse gebied verklaar is. Met die Natalse anneksasie nog vars in die geheue, en met Smellekamp se raadgewing nog in die ore, het Potgieter en 'n aantal volgelinge besluit om hulle onverwyld buite die Britse invloedsfeer te gaan vestig.[43)]

Ná sy terugkeer van Delagoabaai en voor sy vertrek na Noord-Oos-Transvaal, was daar al 'n hele groep mense wat nie met Potgieter se leierskap gediend was nie en was daar al gerugte in omloop dat hulle Potgieter se leierskap ook nog net so lank sou duld as wat die verhuising sou duur. Waarom daar nog nie openlik teen sy gesag geprotesteer is nie, was waarskynlik omdat sy hulp en leiding met die voor die deur staande verhuising onmisbaar was.[44)] Om hierdie rede het Potgieter hom tot die publiek gewend. In 1846 skrywe hy o.a. aan kommandant Gert Kruger van Magaliesberg omtrent hierdie saak:

> "Herhenderd U ook toen ik van Dellagoa terugt kwam en hoorde dat zommige menschen zig uitgelaaten hebben dat, als ik eers alles verregt had, sylieden my schileyk uit myn post zouden hebben en eenen anderen zouden aanstellen, dat ik het publiek verzogt myn eenen verzekering te geven dat ik my op myn oude dagen geen schandaal aangedaan en wordt, hoedat het publiek my dat door eene geschrifte verzekerd hebben en myn belooft hebben dat zy my ten allen teyden assestensie zouden bieden als ik het nodig had."[45)]

Hoewel dit onbekend is wie die opmerkings gemaak het en hoe ernstig van aard dit was, wil dit tog voorkom of dit vir Potgieter al op daardie tydstip onrustig gestem het anders sou hy die publiek seker nie met 'n versoek om 'n mosie van vertroue genader het nie. Die publiek het op 6 Mei 1845 aan die versoek voldoen en in 'n geskrif verklaar dat hulle vir Andries Hendrik

---

43) Kyk Wichmann: a.w., bl.35. Die proklamasie van Menzies ( wat later nie deur goewerneur Napier as wettig erken is nie) is te vinde in Bird: Annals of Natal II, bll.56 en 114. In verband hiermee moet ook Potgieter se verkenningstog na die Ngami-meer in 1844 gesien word. (Potgieter en Theunissen: t.a.p., bl.136).

44) Krüger: a.w., bl.96; Wichmann: a.w., bl.44.

45) R.118i/46: Potgieter aan G.J.Kruger, d.d. 13 Des.1846. (Voortrekker-argiefstukke, bll, 250-251. Preller (Andries Pretorius, bl.131) stel dit voor asof die gebaar van die kant van die publiek gekom het. Dieselfde geld ook vir Engelbrecht (Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom, bl.22) en vir Van der Walt (Die Groot Trek 1838-1854 - Geskiedenis van S.A.I, bl.330; Die Ontwikkeling van Boere-bestuursinstellinge - Geskiedenis van S.A.II, bll.78-79).

Potgieter, wat

> "tot hier toe onsen bestierder is geweest en onsen saken heeft bewerksteld"

verkies om

> "van nu en voortaan zoo lange het blyken zal te doen gelyk hy tot heeden toe gedaan heeft, als onsen hoofd Commandant en bestierder om onsen zaken verder te bewerkstellen tot onsen besten, en dat zyn Eedele ten alle tyden een stem en den raad zal behouden, en dat wy van tyd tot tyd zullen mannen kiesen als een raad volgens onse voorige wetten om alle zaken met zyn Eedele te zamen te handhaven ..., en besluiten dat alle andere Commandanten dien van elders mogte komen onder ons maatschappy zig zullen moeten onderwerpen, en zoo meede die hier naar onder ons mogt komen, het zy wie hy ook zyn mag, zal geen heerschappy over ons mogen gebruiken."[46)]

Die verhuising na Noord-Oos-Transvaal het nie die stigting van 'n nuwe Voortrekkerstaat beteken nie, maar dit moet eerder gesien word as 'n uitbreiding van die staat wat alreeds tot stand gekom het en as 'n verskuiwing van die regeringshoofkwartier na 'n plek buite die Britse invloedsfeer.[47)]

Deur bogenoemde besluit van die publiek is Potgieter definitief in die posisie van staatshoof gestel en met uitvoerende mag beklee, terwyl sy posisie oënskynlik onaantasbaar gemaak is deur die bepaling dat solank as wat hy aan die vereistes wat deur sy amp meegebring word, voldoen, hy in die posisie sou bly en dat alle nuwe intrekkers onder hom sou dien. As staatshoof kon hy nou die trek na hulle nuwe tuiste lei en het hy oor min of meer dieselfde magte beskik as die eertydse goewerneur Retief.[48)]

4. <u>Volksraad maak beswaar teen Potgieter se bestierderskap.</u>

Na hulle aankoms in Ohrigstad, die nuwe regeringsetel, het die Volksraad onmiddellik in funksie getree en sedert 1 Augustus 1845 het die nuutgekose Volksraad gereeld vergader met J.J.Burger as sekretaris.[49)]

---

46) R.108/45. (Kyk hierbo, bl.100, noetnoot 37). Die stuk is deur 114 persone onderteken.

47) J.H.Breytenbach: Inleiding, bl.XXIV. (<u>Suid-Afrikaanse Argiefstukke</u>, Transvaal, no.1); Wichmann: a.w., bl. 45; Van der Walt: <u>Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R.</u> (<u>Die Saaier</u>, jrg.1, no.5, bl.8).

48) Vgl. ook Wichmann: t.a.p., bl.44.

49) Krüger: a.w., bl.95.

Op die eerste vergadering van die Volksraad het Potgieter die dokument met die besluit van 'n gedeelte van die Potchefstroomse publiek, waarin hy as bestierder benoem is, ter bekragtiging voorgelê. Verskillende lede het beswaar gemaak

> "dat terwyl er weder een Volks Raad bestaat, geen hoofdbestierder zal bestaan die in gezag boven de Raad zal zyn, d(us) die aanstelling beschouwde in zo lang (van) kragt geweest te zyn voor dat de Vol(ks) Raad was opgerigt, dus nu ophoude(n) moet, en geen hoger regering onder onze maatschappy zal bestaan dan (de) Volks Raad, waarom de Raad aan het versoek van den Hoofdcomm: niet (kan) voldoen, heeft echter geen objectie zyn Ed. ho(oofd)comm: zal blyven."[50]

Die volk het onmiddellik op hierdie besluit gereageer, óf op versoek van Potgieter,[51] óf op eie inisiatief. Op dieselfde datum het 'n hele aantal van die emigrante in 'n volksvergadering byeengekom waar die Potchefstroomse besluit herbevestig, Potgieter by hernuwing as hoof gekies en ook uitvoerende bevoegdhede aan hom opgedra is. Ten slotte versoek die 122 ondertekenaars van hierdie kragtig geformuleerde besluit

> "de Edele Raad deeze bovenstaande begeerte van ons te willen bekragtigen en te notuleeren ter eere van de Edele Hoofd A.H.Potgieter."[52]

Die besluit wat hierdie persone geneem het mag gebore gewees het uit 'n piëteit jeens Potgieter, maar tersefdertyd was dit 'n baie verstandige besluit in soverre dit 'n kragtige uitvoerende gesag begeer het. So 'n uitvoerende gesag was op hierdie stadium van die Groot Trek 'n gebiedende noodsaaklikheid, nie alleen vir die sukses van die nuwe nedesetting nie, maar ook omdat die Trekkers stadigaan die einde van die Trek begin bereik en die oomblik van permanente nedersetting en staats-

---

50) Volksraadsnotule, Ohrigstad, 1 Aug.1845. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.14). Kyk ook Potgieter en Theunissen: a.w., bl.147; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll. 71-72. Hierdie besluit moet gesien word in die lig daarvan dat Burger en sy groep in dié Volksraad die herlewing van die Natalse Volksraad gesien het, terwyl dit vir Potgieter en die syne slegs 'n voortsetting was van die Potchefstroomse Raad. (Vgl. ook Engelbrecht: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom, bll.22-23).

51) Potgieter en Theunissen: a.w., bl.147, meen dat Potgieter die saak voor die volk gelê het. Dit is nie onwaarskynlik nie, hoewel daar geen bewys voor is nie.

52) Soutter-versameling, Pakkie 1, no.2. (R.109/45 - Voortrekker-argiefstukke, bll.186-187).

vorming aangebreek het. Onderhandelinge waarmee Potgieter alreeds 'n baie goeie begin gemaak het, moes verder gevoer en tot finaliteit gebring word, en alleen 'n sterk uitvoerende gesag, by voorkeur een wat in die hande van een persoon gekonsentreer was, kon snelle optrede, wat ook noodsaaklik was, moontlik gemaak het.[53)]

Die versoek van die 122 lede van die publiek is egter nie met soveel geesdrif deur die Volksraad ontvang nie, hoewel hulle hulle onder omstandighede tot 'n groot mate daarmee vereenselwig het. Die bevoegdheid wat egter in die besluit aan Potgieter verleen is om enige ontvange briewe alleen oop te maak terwyl ander Raadslede dit alleen in die teenwoordigheid van hulle kollegas kon doen, het die Raad beslis nie aangestaan nie, met die gevolg dat hulle besluit het dat

> "alle briefen aan den Raad gerigt zal de heer Potgieter niet anders kunnen openen dan in byzyn van een paar presente leeden." 54)

Dit was volgens Krüger 'n noodlottige wysiging.[55)]

Die besluit van die Volksraad kom dan daarop neer dat Potgieter as hoofbestuurder in Transvaal erken is in sy hoedanigheid as hoofkommandant en lid van die Volksraad, waarvan hy dikwels as voorsitter opgetree het.[56)] Gevolglik het Potgieter nie alleen oor wye uitvoerende magte beskik nie maar was hy ook die erkende militêre leier, en kon hy as lid van die Volksraad, veral wanneer hy as voorsitter opgetree het, nie alleen groot invloed op die verrigtinge van die Raad uitgeoefen het nie, maar het hy ook die reg gehad om oor alle

---

53) Vgl. Krüger: t.a.p., bl.95.

54) Soutter-versameling, Pakkie 1, no.2. (R.109/45 - Voortrekker-argiefstukke, bl.188): Byskrif van J.J.Burger, fung. sekr., "Namens den Raad." Ook Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.8, 20 Aug. 1845. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.20). In die Notule staan dat twee lede by die opening van briewe deur Potgieter teenwoordig moes wees. Wichmann beweer (a.w.,bl.49) dat die besluit van die volksvergadering van 1 Aug. nie aan die Volksraad voorgelê is nie. Dit skyn nie korrek te wees nie. Ook Preller (Andries Pretorius, bl.135 en bl.145) maak geen melding van hierdie feite nie en skep die indruk dat die versoek van die publiek nooit deur die Volksraad goedgekeur is nie. Hierdie feite word ook nie deur Engelbrecht (Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom, bl.23) genoem nie.

55) Krüger: a.w., bl.95.

56) Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.71, voetnoot 2.

sake te stem. Dit het vir Potgieter as staatshoof in 'n baie sterk posisie teenoor die Natal-georiënteerde Volksraad gestel. Dit was die begeerte van die Transvaalse Trekkers, wat met Pretorius se ondervindinge in Natal baie goed bekend was, en hulle wou teen 'n herhaling van die geskiedenis in hulle eie Republiek waak, veral toe die Natalse element onder hulle geledere sterk geword het.

## 5. Botsing tussen Potgieter en Volksraad oor Staatshoofskap.

Die krag van die Natalse Volksraadsgesinde element, met Kootjie Burger aan die spits, het baie duidelik geblyk uit die Regulatien en Instructien, voor den Volksraad van het volk aan Andries Orieg Stad en omliggende land,[57] wat geheel en al, met enkele uitsonderinge, dieselfde bepalings as die Natalse Regulasies en Instruksies bevat het. In die Ohrigstadse voorskrifte is, net soos in Natal, hoegenaamd geen voorsiening vir 'n uitvoerende gesag gemaak nie en is ewemin met 'n bestaande een rekening gehou. Om vir dringende optrede voorsiening te maak, is in artikel 11 bepaal dat sodanige sake afgehandel kon word deur vyf lede van die Raad, wat as sodanig 'n kommissieraad sou vorm, en dat hulle optrede en besluite aan bekragtiging van die volle Raad onderhewig sou wees. Dit is duidelik dat die Ohrigstadse Volksraad, ten spyte van sy besluit van 20 Augustus 1845, ook die uitvoerende gesag as behorende tot sy terrein beskou het,[58] en in Potgieter nog nie die hoogste uitvoerende amptenaar gesien het nie. Waarskynlik het hulle in so 'n hoofbestierder 'n persoon gesien aan wie die Volksraad ondergeskik sou wees, en dat die hoofbestierder, net soos die goewerneur in die Kaapkolonie, nie nodig gehad het om die advies van die wetgewende liggaam te aanvaar nie, terwyl die publiek, wat vir Potgieter tot die amp

---

[57] Volksraadsnotule, Ohrigstad. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bll.11-13).

[58] Vgl. art.8 van die Ohrigstadse Regulasies en Instruksies: "De Raad heeft jurisdictie in het vervaardigen van regulatien en instructien voor alle ambtenaren, en het vervaardigen van wetten die de plaatselyke omstandigheden mogen vereischen, en het sluiten of bekrachtigen van vredes tractaten in de bepaling der limieten onzer Maatschappy, aanstellingen van publieke ambtenaren en afschaffing van dezelve of hunne situatien, uitgeving of verkoping van publieke landeryen, aanlegging van dorpen en steeden, en voorts alle inrigtingen en verordeningen het gemeene best betreffende."

benoem het, dit bedoel het as 'n poging om die Volksraad slegs van 'n uitvoerende amptenaar te voorsien. Potgieter, sowel as sy volgelinge, was nie daarop uit om die Volksraad te oorheers nie en het geen beswaar teen die Volksraad as hoogste gesag gehad nie. Trouens, in Potchefstroom is Potgieter deur 'n raad bygestaan; die gesag van die Natalse Volksraad is deur hulle in 1840 erken, en in Ohrigstad het Potgieter self gehelp om die Volksraad daargestel te kry.[59] In teenstelling tot die nie-erkenning van Potgieter in die praktyk deur die Volksraad, het Potgieter en sy mense hom kragtens die Volksraadsbesluit van 20 Augustus 1845 as amptelike staatshoof van die Republiek beskou en het hy as sodanig opgetree. Hierdie teenstrydige opvattinge was verantwoordelik vir die voortsetting van die Natalse botsing tussen Volksraad en kommandant-generaal. Potgieter se opvattinge en optrede is deur die Volksraad as 'n ernstige bedreiging ~~van~~ hulleself en hulle opvattinge gesien.[60] Die staatshoofskapsgedagte sou andermaal met geweld onderdruk word, en die gebrekkige en ondoeltreffende uitvoerende gesag wat die resultaat daarvan sou wees, het alle onderhandelinge met die buiteland sowel as die skepping van orde in binnelandse aangeleenthede feitlik tot mislukking gedoem.[61] Die onsimpatieke houding wat die Ohrigstadse Volksraad ingeneem het teen die idee van 'n staatshoof, het getuig van ernstige kortsigtigheid, indien nie van selfsugtigheid nie. Dit was inderdaad die resultaat van 'n baie oordrewe en enigsins verwronge opvatting van demokrasie. Die betekenis en die funksie van 'n uitvoerende gesag kon of wou hulle nie insien nie. Vir hulle het dit gelyk gestaan aan outokrasie en despotisme. Miskien kan hulle beskouing dat Potgieter se gesag dié van die Raad sou oortref tot 'n mate gebillik word as mens in aanmerking

---

[59] Vgl. Wichmann: a.w., bl.48; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl. 73; Engelbrecht: Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom, bl.23.

[60] Vgl. Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.73.

[61] Vgl. Krüger: a.w., bl.88.

neem dat die besluit van die volksvergadering van 1 Augustus baie sterker bewoord was as die van die Potchefstroomse besluit van 6 Mei. Waarskynlik ontevrede omdat die Volksraad nie hulle goedkeuring aan die Potchefstroomse besluit wou heg nie, het die publiek hulle besluit so sterk gestel, 'n besluit wat ongetwyfeld die indruk skep dat Potgieter se volgelinge sy gesag bo die van die Raad wou uitbrei.[62] Hier was dit 'n geval van reaksie teen reaksie.

Die verdere verloop van sake na 20 Augustus 1845 toon duidelik dat Potgieter en sy mense hom as die onbetwiste staatshoof beskou het, terwyl die Volksraad, geleidelik versterk deur nuwe aankomelinge uit Natal, die strop nouer en nouer getrek het in hulle verset teen sy staatshoofskap. Potgieter se hele optrede het die indruk gewek dat hy die hoogste gesag voer, soos o.a. blyk uit sy brief van 27 Oktober aan die Landdros van Potchefstroom.[63] Op 9 Oktober het hy, ten spyte van die bepaling van artikel 8 van die Regulasies en Instruksies, wat die reg om amptenare aan te stel aan die Volksraad toevertrou, op eie houtjie vir Gert Kruger in sy plek as kommandant van Potchefstroom benoem.[64] Die feit dat Potgieter deur middel van 'n vredestraktaat met Sekwati,[65] wat op versoek van die Volksraad deur hom aan hulle vir bewaring oorhandig is,[66] die hele strook grondgebied rondom Ohrigstad verkry het, het hom in so 'n sterk posisie teenoor die Volksraad gestel, dat ~~toe~~ die Volksraad later dieselfde gebied van

---

62) Vgl. ook Wichmann: a.w., bl.49.

63) Soutter-versameling, Pakkie 1, no.4. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bll.165-167). Hierdie brief is deur Potgieter onderteken as hoofkommandant en is mede-onderteken deur sekretaris Burger.

64) R.111a/45. (Voortrekker-argiefstukke, bl.192). Dat Potgieter in hierdie geval alleen optree, asof daar geen ander regeringsliggaam bestaan nie, blyk baie duidelik uit die bewoording van hierdie aanstellingsakte: "Ik ondergetekende, A.H.Potgieter, Hooft Commedant, stel de heer Gert J.Krüger, onder Commedant, te vollen in meyn plaats aan om alle saaken waar te neemen ... en dat een ider veldkornet gehouden wezen zal aan de order te voldoen van de gemelde Commedant, die te vollen en meyn plaats zal ageeren ...."

65) Kyk Potgieter en Theunissen: a.w., bll.145-146.

66) Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.4, 20 Aug.1845. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.19).

Sekwati wou koop, maar laasgenoemde het geantwoord dat hy die gebied alreeds aan Potgieter afgestaan het.[67]

Aanvanklik het die Raad hulle blykbaar met die selfstandige optrede van Potgieter vereenselwig en het sake oënskynlik goed verloop. Moontlik het die Raad ook net sy kans afgewag om Potgieter se staatshoofskap aan bande te lê. Van die Potgieter-ondersteuners het weer so 'n vertroue in hulle held gehad dat hulle die Volksraad as 'n vyfde wiel aan die wa beskou het en selfs die idee gehuldig het dat die Volksraad afgeskaf behoort te word. Hierdie optrede van Potgieter-gesindes, wat veel bygedra het om die antipatie van die Volksraad teen 'n staatshoof te verskerp, staan in verband met die kwessie van 'n kommissie wat gedurende die helfte van Oktober 1845 na Delagoabaai gestuur is.[68]

Die kommissie is uitgestuur met die doel om 'n weg te probeer vind waarlangs produkte na Delagoabaai vervoer kon word en het onder leiding van Karel Trichardt gestaan. Voor die kommissie vertrek het, het Burger aan Trichardt die reg verleen om namens die Volksraad plase aan die Potugese kant van die berg af te baken. Die baken wat die kommissie op Portugese gebied geplant het,[69] het die Portugese Goewerneur nie aangestaan nie, en hy het 'n boodskap aan Potgieter gestuur, waarin hy teen die handelswyse van die kommissie beswaar gemaak het.[70] Die Goewerneur wou weet of die baken, wat so naby Delagoabaai geplant was, dat dit so goed as

"op de midden van zyn lyf gedaan"

was, op Potgieter se instruksies opgerig was. Verder

---

67) Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.1, 15 Mei 1846. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.50). Kyk ook Wichmann: a.w., bl.50.

68) Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.2, 8 Okt.1845. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bll.23-24). Kyk ook Krüger: t.a.p., bll.95-96. Dit was nie Potgieter wat die kommissie gestuur het, soos Potgieter en Theunissen (a.w., bl.151) beweer nie.

69) Potgieter en Theunissen (a.w., bl.151) verklaar dat die baken ongeveer 6 myl van Lourenco Marques opgerig is.

70) R.111c/45: Verklaring van die boodskapper van die Portugese Goewerneur, op versoek van Potgieter afgeneem deur Burger, d.d. 4 Des.1845. (Voortrekkerargiefstukke, bll.193-194).

gee hy te kenne dat hy niks meer met die Trekkers te doen wou hê nie en dat hy alle handelsbetrekkinge met hulle verbreek, tensy die saak in die reine gebring word.

Potgieter was oor hierdie klagte verontwaardig en het onmiddellik as hoofkommandant, saam met vier lede van die Volksraad, 'n byeenkoms van die volk op 10 Desember 1845 belê,[71] terwyl aan provisionele kommandant van Staden opdrag gegee is dat nie een van die kommissielede van die onderskeie plekke waar hulle hulle bevind het, hulleself mag verwyder voordat verklarings van hulle afgeneem is nie.[72] Op 11 Desember is daar 'n Volksraadsitting gehou waar dit betreklik warm toegegaan het en geen finale resultaat bereik kon word nie.[73] Gelukkig kon deur bemiddeling van Karel Trichardt, wat Portugees geken het, die betrekkinge tussen die Trekkers en die Portugese spoedig herstel word, maar die wrywing wat deur die voorval op Ohrigstad veroorsaak is, was daarmee nie van die baan af nie.[74] J.J.Burger het sy kans afgewag en aan die ander kant was Potgieter en sy ondersteuners gebelgd oor die optrede van Burger in verband met die baken-episode. Dit is waarskynlik na aanleiding van hierdie omstandighede wat sekere Potgietermense te kenne gegee het dat die Volksraad afgeskaf behoort te word en dat Potgieter alle regeringsgesag in eie hande moes neem.

Op 22 Januarie 1846 het die Volksraad 'n klag behandel, ingedien deur veldkornet Duvenhage, naamlik dat 'n sekere Hans Botha sou gesê het dat hy die gesag van die Volksraad nie erken nie. Op 'n vraag van die Raad het Botha geantwoord dat hy definitief so gesê het en dat hy by die standpunt bly. Hy erken alleen die ge-

---

71) R.111d/45: Bekendmaking aan die publiek, d.d. 6 Des. 1845. (Voortrekker-argiefstukke, bll.195-196).

72) R.111e/45: Potgieter e.a. aan Van Staden, d.d. 6 Des. 1845. (Ibid.,bll.196-197). Kyk ook die verklarings van sommige van die kommissielede: ad.R.111c/45 (Ibid., bll.194 en 195).

73) Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.3, 11 Des.1845. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bll.25-26). Wichmann verklaar dat Potgieter die ondersoekwerk gedoen het en nie die Volksraad nie (a.w., bl.52). In die lig van bostaande dokument is dit foutief. In voetnoot 22 op bl. 52 van sy werk verwys hy ook foutiewelik na die Volksraadsitting van 20 Augustus 1845.

74) Potgieter en Theunissen: a.w., bl.152.

sag van die Hoofkommandant wanneer laasgenoemde buite die Raad optree. Volgens Botha sou ook nog ander mense, waaronder die Hoofkommandant self, dieselfde gesê het. Die Hoofkommandant, wat in die vergadering teenwoordig was, het dit egter ontken dat hy sodanige uitlatings gemaak het.[75] Hoewel hierdie voorval blykbaar van so min belang was dat sommige geskiedskrywers geen aandag daaraan skenk nie, is dit tog 'n belangrike aanduiding van die houding wat daar langsamerhand onder 'n gedeelte van die Ohrigstadse Trekkers ontwikkel het.[76]

Dat alles in die Volksraadsvergaderinge seker ook nie meer te stigtelik verloop het nie, kan afgelei word uit die besluit

> "dat geen Raadslid in vergadering, wanneer hy iets voorteslaan heef of door een ander lid is voorgesteld word dat hy tegenspreekt, op zoodanig driftige toon zal doen dat aanstotelyk is; veel minder de een den anderen zal beledigen ten tyd der sitting, maar alles dat door hem voorgesteld zal worden of tegen gesproken word op een behoorlyke wyze zal moeten doen, onder verbeurte ener boete voor elk overtreding van Rds.5,"

en verder dat geen lid van die publiek die Raad in sy verrigtinge mog hinder deur sonder verlof van die voorsitter tussenin te praat, of Raadslede mog beledig nie.[77]

Hoewel die spanning tussen die Hoofkommandant en die Volksraad geleidelik aangegroei het, het dit tot dusver nog nie tot 'n openlike botsing gekom nie. Potgieter was waarskynlik te seker van sy posisie, of miskien het hy nie oor die regeerkuns en takt van Retief beskik nie,[78] met die gevolg dat hy die Volksraad nie altyd na behore in aanmerking geneem of geraadpleeg het nie. Daarby was hy 'n persoon wat gewoond was om alleen op te tree en sou hy, vanweë die houding wat die Volksraad ingeneem het, hom waarskynlik nie te veel aan hulle gesteur het nie. Burger en die Volksraadsgesindes het aan die ander kant hulle kans afgewag om Potgieter se gesag aan bande te lê.

---

75) Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.6, 22 Jan.1846. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bll.31-32).

76) Vgl. ook Wichmann: t.a.p., bll.49-50.

77) Volksraadsnotule, Ohrigstad, artt. 2 en 3, 17 Maart 1846. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.36).

78) Van der Walt: Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die S.A.R. (Die Saaier, jrg.1, no.5, bl.10).

Hierdie geleentheid het gekom in Junie 1846, toe Henry Hartley, 'n Engelse smous en grootwildjagter, Ohrigstad besoek het om met die Ohrigstadters handel te dryf. Die Volksraad was nie met die besoek van vreemde smouse gediend nie. Op daardie tydstip het hulle juis met 'n ander smous, McCabe, te doen gehad, wat daarvan beskuldig gestaan het dat hy wapens aan die naturelle verkoop het. Gevolglik was hulle met wantroue teenoor enige vreemdeling vervul. Op versoek van 'n aantal burgers het die Waarnemende Landdros van Ohrigstad opdrag gegee dat Hartley in hegtenis geneem moes word, maar Potgieter het die veldkornet wat met die opdrag belas was, gelas om Hartley ongehinderd na hom te laat deurkom.[79] Die Volksraadsgesindes was woedend oor hierdie optrede van Potgieter en het hulle onmiddellik in geskrif tot die Volksraad gewend.[80] By die Volksraad het hulle 'n memorie ingehandig, waarin op geen ondubbelsinnige wyse hulle houding teenoor Potgieter se wyse van optrede vertolk is nie.[81] Hulle voel hulle gedronge om te kla oor die verregaande onverskillige optrede van Potgieter teenoor die burgery, naamlik dat hy nie omgee om die burgery ontevrede te maak solank hy 'n Engelsman genoeë kan aandoen nie. Die hele Hertley-episode word in besonderhede vermeld, sowel as hulle besware teen die aanwesigheid van vreemde smouse in die gebied. Hulle verklaar dat, ofskoon die Hoofkommandant die

> "gezag van Hoofbestierder"

geweier en sy titel hom ontneem is,

> "blyft hy echter aldus handelen, zich aan geen autoriteiten of volks begeerte te stooren, handelt als een alleenheerscher, en meenen zy moeten tevreeden zyn."

Verontwaardigd word die vraag gestel:

> "Worden wy niet kompleet behandelt als onderdanen?"

Verder word te kenne gegee dat Potgieter nog niks tot

---

79) R.115b/46: Potgieter aan veldkornet Duvenhage, d.d. 1 Junie 1846. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bl.225).

80) Vgl. ook Wichmann: a.w., bll.54-55; Preller: <u>Andries Pretorius</u>, bll.133-134; Potgieter en Theunissen: a.w. bll.155-156.

81) R.116/46: Memorie aan Volksraad, d.d. 8 Junie 1846. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.225-228). Ook E.V.R. 104, V.R.20/46. Die memorie is hoofsaaklik deur nuwe intrekkers uit Natal onderteken. Kyk R.116c/46. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bl.230).

stand gebring het nie. En dan volg 'n hele reeks klagtes teen Potgieter se outokratiese optrede - die saak waaroor dit eintlik gegaan het.[82] Met hierdie memorie was die vet in die vuur.

Tydens die Volksraadsitting van 8 Junie 1846[83] is hierdie memorie aan die Volksraad voorgelê. In antwoord daarop het hoofkommandant Potgieter in die vergadering verklaar dat hy opmerk dat alles wat hy gedoen het as nadelig beskou en dat hy as 'n verraaier bestempel word. Die bespreking het warm geword en Potgieter

> "bedankte alles, en zyde (sic!) hy met zyn menschen opzy zoude gaan, en de memorie een dag zoude opeischen."

Burger was dadelik op die been om te sê dat Potgieter net soos enige ander lid van die Raad op 'n afskrif van die memorie geregtig was, en as hy sy verantwoording voor 'n geregshof wou doen, hy die memorie kon kry as hy dit opeis. Daarop was voorsitter Bronkhorst aan die woord: as hy en Potgieter van verraad oortuig kon word, kon hulle opgehang word sonder dat enige beskuldiging teen hulle ingebring word.

> "Daarop stond al de presente leden op en bedankte alles."

Sekretaris Burger kon nie eers behoorlike notule hou nie omdat al die lede feitlik gelyk gepraat het, en

> "in tyd van een oogenblik bleef ik alleen met papieren overig in cantoor." 84)

Deur die bedanking van die Volksraadslede het die Volksraad, hoewel dit nie ontbind is nie, so goed as opgehou om te bestaan totdat 'n nuwe verkiesing kon plaasvind. Die eerste vergadering daarna is op 1 September 1846 gehou.

Twee dae na die vergadering van 8 Junie het raadslid J.G.S.Bronkhorst en ses lede wat saam met hom en Potgieter as Volksraadslede bedank het, 'n bekendmaking uitgereik waarin die memorie bestempel is as 'n

---

82) Vgl. Wichmann: a.w., bl.55: "Hoewel Potgieter by hierdie geleentheid deur sy tersydestelling van die gesag van die landdros inderdaad outokraties opgetree het, is dit twyfelagtig of die burgers wat die landdros versoek het om Hartley aan te hou, nou wel juis die 'autoriteiten of volksbegeerte' verteenwoordig het."

83) Die vergadering het nie onder voorsitterskap van Potgieter, soos Preller (<u>Andries Pretorius</u>, bl.135) beweer, plaasgevind nie, maar onder die van Bronkhorst.

84) Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.3, 8 Junie 1846. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.1, bll.55-56).

paskwil

"hetwelk onse Hooft Commadant op een schandelyke weys beschuldiege."

Burger word beskuldig van 'n

"medemaker der memorie"

te wees, en as

" gekomen zeynde met een grote heerzugt Potgieter uit seyn pos te ligten, in de zelve in te dragen, waarvoor hey ook een kleyne gedeelte versamelt heeft. Aanmerken: herder komt by de deur der schapen in maar een dief klimt elders in."

Hulle het bedank omdat dit met hulle opvoeding en gewoonte gebots het om op elke vergadering te twis.[85)] Dit wil voorkom of hierdie manne Burger se planne deurgesien het.

Potgieter het daarop 'n verklaring aan die Magaliesbergers gestuur, waarop Burger namens die Volksraadsparty geantwoord het,[86)] waaruit duidelik blyk dat laasgenoemde hulle ten volle met die inhoud van die memorie vereenselwig en Potgieter se optrede as 'n eenhoofdige regering beskou het.

Potgieter, wat byna onmiddellik na afloop van die verwarring op 'n kommissie van ondersoek in verband met naturellemoeilikhede moes vertrek, het 'n voorlopige raad aangestel, en die lede van dié raad het op 13 Junie aan veldkornet Steyn kennis gegee dat so 'n provisisonele raad benoem is om sake tydens Potgieter se afwesigheid te behartig, en dat hulle vanweë die groot verwarring wat deur Burger, Van Rensburg en Steyn in die Volksraad teweeggebring is,

"gedrongen (zyn) onse zaak te volharden om de zelve te bestieren." 88)

Volgens hierdie skrywe het Potgieter dus na sy bedanking as Volksraadslid alleen voortgegaan om sake te bestuur, terwyl die Volksraad magteloos gesit het.

---

85) R.116a/46: Bekendmaking van die lede wat bedank het, d.d. 10 Junie 1846. (Voortrekker-argiefstukke, bll. 228-229).

86) R.116c/46: Kopie van bekendmaking van Burger en sy party, d.d. 19 Junie 1846. (Ibid.,bll.230-231).

87) Potgieter was van plan om die voorgenome ekspedisie op 8 Junie aan die Volksraad ter bespreking voor te lê, maar vanweë al die moeilikhede het dit nie ter tafel gekom nie, sodat Potgieter besluit het om verder selfstandig op te tree. (Wichmann: a.w.,bl.56).

88) R.116b/46: Van der Walt en Eloff aan veldkornet Steyn, d.d. 13 Junie 1846. (Voortrekker-argiefstukke, bl. 229).

Hy het ook onmiddellik aandag geskenk aan die aanstelling van amptenare en aangesien die dienstyd van die Ohrigstadse landdros verstreke was, het hy in sy en die heemrade se plek 'n provisionele kommissie van drie lede benoem

"om de huwelyke zaken waar te nemen."

Later sou dan vir 'n behoorlike regbank voorsiening gemaak word. Intussen sou die veldkornet oor alle kleinere sake uitsluitsel gee en sou alle huwelike wat nie deur bogenoemde kommissie bevestig word nie, as onwettig beskou word. Verder word ook beveel dat die godsdiensoefeninge op die sabbatdag gereeld onderhou moes word. Aangaande die wette wat van krag sou wees, moes dit ingerig word

> na de suivereine (sic!) regel van Gods Woord die de reegel van ons leeven is, waarin wy nimmermeer dwaalen kan het welk wy reeds te lang versuymd heeft ...."[89]

Nadat Potgieter van sy ekspedisie teruggekeer het, het geen onderhandeling tot versoening tussen die partye plaasgevind nie. Potgieter het as regeerder van die land opgetree en maatreëls getref, terwyl Burger en sy Volksraadsparty hulle gang gegaan en pogings aangewend het om die Volksraad weer voltallig en in funksie te kry. Burger was vasbeslote om, nou dat die bal aan die rol gesit was, vir goed 'n einde aan die gesag en persoonlike invloed van die Hoofkommandant te bring en om 'n Volksraad, soos dié wat in Natal bestaan het, op te rig - 'n Volksraad wat in alle opsigte die hoogste gesag, ook uitvoerend, in die staat sou verteenwoordig. Potgieter se aanhang was egter nog baie sterk.

6. <u>Potgieter stel eie regering saam. Pogings van Burger om Volksraad te laat herlewe</u>.

Vir goed klaar met die Ohrigstadse Volksraad, het Potgieter na sy terugkoms besluit om sy eie regering saam te stel, vir welke doel hy 'n volksbyeenkoms op 20 September 1846 belê het. Vasbeslote om Potgieter se gesag te breek en die Volksraad te herstel, het Burger, nieteenstaande hy deur hoofkommandant Potgieter belet was om soiets te doen, 'n vergadering van sy ondersteuners op 14 Augustus belê. In sy brief aan Burger meld Pot-

---

89) R.116e/46: Bekendmaking van Potgieter, Van der Walt en Eloff "aan het geheele Publiek", d.d. 18 Julie 1846. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bll.232-233).

gieter dat hy hom belet uit hoofde van die algemene gesag wat op 1 Augustus aan hom verleen is.[90]

Burger het hom nie aan die verbod gesteur nie en die vergadering is gehou. Op hierdie vergadering, bygewoon deur slegs 51 mense, waaraan die verbod van Potgieter op die hou van die vergadering voorgelê is, is besluit dat hulle geen eenhoofdige bestuur sal en wil erken nie, en nog minder 'n gesag waaraan die Volksraad onderworpe sou wees. Voorlopig het hulle vier Volksraadslede bygekies by die wat nie bedank het nie, o.a. ook vir Burger, wat tot dusver slegs as sekretaris van die Volksraad opgetree het. Aan die sekretaris is opgedra om die besluite van die vergadering aan die publiek bekend te maak; om die Raad tot 'n sitting op 1 September op te roep en die publiek te vra om op daardie datum kieslyste vir nog vyf lede by die Raad in te handig.[91]

Hierdie besluite is geneem in weerwil van die genoemde brief van Potgieter aan Burger, waarin hy ook gemeld het dat hy 'n algemene volksbyeenkoms op 20 September belê het, by welke geleentheid dit iedereen wat klagtes teen hom wou indien, sou vrystaan om dit te doen, gestaaf deur die nodige bewyse. Ook het Potgieter hom versoek om die memorie wat op 8 Junie by die Volksraad ingedien is, na dié vergadering mee te bring.

Dit was egter nou duidelik dat van samewerking geen sprake meer was nie en dat die stryd in alle erns begin het.[92]

Vir Burger moes die Volksraadsvergadering van 1 September 'n groot teleurstelling ingehou het want van die gevraagde kieslyste vir nog vyf ander lede is nie een ingehandig nie.[93] Die ondersteuning van die kant

---

[90] R.118a/46: Potgieter aan Burger, d.d. 8 Aug.1846. (Voortrekker-argiefstukke, bll.236-237).

[91] R.118c/46: Notule van Publieke Byeenkoms, d.d. 14 Aug.1846. (Ibid., bl.238).

[92] Vgl. Wichmann: a.w., bl.57.

[93] Notule van Vergadering, 1 Sept.1846. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bl.56). Ook adR.118c/46. (Voortrekker-argiefstukke, bl.239). By Wichmann heers daar bietjie verwarring in verband met al hierdie aangeleenthede. Hy noem bv. die volksbyeenkoms van 14 Augustus 'n Volksraadsvergadering (a.w., bl.57), terwyl hy verklaar dat op die vergadering van die Volksraad op 1 September die vyf nuutgekose lede vergader het en dat die Raad verder voltallig gemaak is deur die opname van nog vier lede uit die publiek. Dit is nie korrek

van die publiek was baie swak en die Volksraad sou gedurende die volgende paar maande meer in teorie as in praktyk bestaan.

Potgieter was beslis om sy teëstanders op die vergadering wat hy op 20 September belê het, die geleentheid te gee om hulle klagtes teen hom te bewys en om hulle te woord te staan. Behalwe die meergenoemde kennisgewing en uitnodiging aan Burger, het hy ook een gestuur aan o.a. veldkornet Johannes Steyn, wat intussen ook as een van sy teëstanders ontplooi het. Hy het Steyn versoek om die kennisgewing soveel as moontlik onder die aandag van die publiek te bring.[94)]

Die vergadering van Potgieter is nie op 20 September gehou nie, maar wel op 22 en 23 September. Die rede vir hierdie vertraging was die feit dat lede en ondersteuners van die Volksraadsparty, o.a. Burger self, nie op die bestemde dag en plek teenwoordig was nie. Op 21 Septemeber rig veldkornet Duvenage, op versoek van 'n groot gedeelte van die teenwoordige publiek, 'n brief aan Burger waarin dit van laasgenoemde gevorder word om so spoedig moontlik op die vergadering teenwoordig te wees en om alle openbare dokumente wat totnogtoe onder sy sorg was, met hom mee te bring, sodat die vergadering met die nodige ondersoek, waarvoor dit byeengeroep was, kon voortgaan.[95)] Op hierdie brief het geen reaksie gevolg nie, sodat die vergadering op die volgende dae met sy verrigtinge voortgegaan het.

Potgieter se vergadering is deur baie meer mense bygewoon as Burger s'n.[96)] Geen klagtes is teen Pot-

---

nie. Die vier persone wat op die sitting van 1 September ingesweer is, was presies dieselfde persone wat op 14 Augustus as Raadslede gekies is, terwyl Grobler, Prinsloo en Erasmus ou lede van die Raad was wat nie in Junie bedank het nie. Eweneens is die bewering van Potgieter en Theunissen (a.w., bl. 162) dat die Volksraad hulle ledetal op 1 September tot sewe vergroot het, onjuis.

94) R.118b/46: Algemene bekendmaking van Potgieter aan veldkornet Steyn, d.d. 8 Aug.1846. (<u>Voortrekker-argiefstukke</u>, bl.237).

95) R.118e/46: Veldkornet Duvenage aan Burger, d.d. 21 Sept. 1846. (Ibid., bl.240).

96) Potgieter en Theunissen (a.w., bl.162) praat van tussen 200 en 300 mans. Die Notule van dié byeenkoms (kyk hierna, voetnoot 97) is onderteken deur 222 persone, terwyl afsonderlik ingestuurde bekragtigingsdokumente gesamentlik deur 412 persone onderteken is.

gieter ingebring nie en in die afwesigheid van die amptelike stukke van die Volksraad was dit vir Potgieter onmoontlik om hom op al die klagtes wat vroeër ingebring was, te verantwoord. Vir die geskiedenis van die staatshoofskap was hierdie vergadering egter van groot belang aangesien alle verdere aandag aan die inrigting van 'n nuwe bestuur gewy is.

Die eerste besluit wat deur die vergadering geneem is, was 'n herbekragtiging van die Potchefstroomse besluit van 6 Mei 1845 en dié van Ohrigstad van 1 Augustus 1845, naamlik dat Potgieter in sy betrekking as hoofkommandant en Bestierder der Hollandsche Emigranten sou bly. Sy gesag is egter deur 'n tweede besluit aan bande gelê, naamlik dat hy in alle onderhandelinge en werksaamhede wat met die openbare welvaart, vryheid en veiligheid te doen het, eers die toestemming van die publiek nodig sou hê, maar slegs in soverre as wat omstandighede en die aard van die saak dit sou toelaat. Met die inboorlinge moes die Hoofkommandant 'n vreedsame verhouding bewaar en indien moeilike kwessies voorkom, kon hy met die krygsraad besluit welke stappe gedoen moes word. Kleinere geskille sou deur die veldkornette in die verskillende distrikte beslis word, desnoods met behulp van twee verstandige persone as assistente, as die betrokke veldkornet sodanige bystand nodig mag vind. Oor gewigtige sake sou beslis word deur die Hoofkommandant, bygestaan deur 'n Raad van gezworenen, wat uit enige getal van ses tot twee-en-sewentig lede kon bestaan. Die getal lede sou deur die Hoofkommandant bepaal word na gelang van die aard van elke saak wat deur dié Raad verhoor moes word. Boedelberedderaars, een te Ohrigstad, een in Potchefstroom en een in Winburg, sou deur die publiek gekies word. Ander besluite, altesaam twee-endertig in getal, is ook geneem in verband met die bereddering van boedels, huweliksake, boetes, plase en plaasaansoeke, godsdiens en naturelle.[97)]

Uit hierdie besluite is dit baie duidelik dat tot 'n ander uiterste gegaan is en dat met die Volksraad-

---

[97)] Soutter-versameling, Pakkie 1, no.7. Oorspronklike Notule van die Byeenkoms van 22 en 23 Sept.1846. (No.6 in dieselfde versameling is 'n afskrif van die oorspronklike dokument).

stelsel van regering geheel en al weggedoen is. Die nuwe stelsel was ŉ soort van militêre of krygsraadstelsel van kommandante, veldkornette en ŉ jurieraad, met ŉ hoofkommandant aan die hoof van alles. Dit was ŉ baie drastiese reëling wat moontlik aan ŉ sterk afkeur van ŉ Volksraadstelsel, soos laasgenoemde hom eers in Natal en daarna in Ohrigstad geopenbaar het, toegeskrywe moes word.

Op daardie oomblik was so ŉ drasties gesentraliseerde militêre bestuur met direkte volkseggenskap nie meer so ŉ groot behoefte soos dit tydens die Trek was nie. Die gebied waaroor geregeer moes word, vanaf Ohrigstad tot by Winburg, was baie groot, sodat direkte volkseggenskap geensins tot sy reg sou kon kom nie omdat dit vir die mense onmoontlik was om gereelde volksvergaderinge by te woon om sodoende hulle wense en begeertes te kenne te gee. Die moeilikhede kon miskien oorbrug word as die Hoofkommandant sodanige vergaderinge in die verskillende dele van die land kon belê en dit dan self bygewoon het, maar praktiese omstandighede, gebrekkige en uiters stadige kommunikasiemiddele, sowel as die dringendheid van omstandighede, sou so ŉ moontlikheid ook onprakties maak. Net soos die Volksraadsparty kortsigtig gehandel het deur nie ŉ uitvoerende gesag te wou erken nie, het die Potgieter-party ook kortsigtig gehandel deur die voordele en noodsaaklikheid van ŉ verteenwoordigende wetgewende vergadering geheel en al buite rekening te laat. Wichmann meen dat die afskaffing van die Volksraad die resultaat was van

> "sterke party en gesagsbejag van die een party ... ten koste van die ander,"

en dat die optrede van die Potgieter-party nie anders beskou kan word nie as ŉ

> "daad van oorheersing."[98]

Dit is miskien bietjie skerp gestel want presies dieselfde sou van die Volksraadsparty gesê kan word. Alle faktore in aanmerking geneem, moet die optrede van albei partye dan nie so seer as ŉ doelbewuste gesagsbejag en dade van oorheersing gesien word nie, maar veel eerder as reaksiemaatreëls wat die uit-die-weg-ruiming van wat hulle as euwels beskou het, ten doel gehad het. Hoewel die optrede van albei partye nie altyd vanuit ons moderne

---

[98] Wichmann: t.a.p., bl.59.

standpunt gebillik kan word nie, is dit in elk geval tog verstaanbaar.

Na die vergadering van 22 en 23 September het Potgieter ook na Potchefstroom en Winburg vertrek, waar hy groot byeenkomste toegespreek en ook van hulle magtiging ontvang het om die land, soos hierbo omskrywe, te bestuur.[99)]

Die posisie sedert September in die Transvaalse Republiek was dan dat daar twee regeringsvorme en twee regerings bestaan het. Dit ly geen twyfel dat Potgieter op hierdie stadium in 'n baie sterk magsposisie teenoor die Volksraadsparty geplaas was, en dat hy as outokratiese leier die werklike regeerder was nie. Dit blyk veral uit die feit dat die besluite waardeur aan Potgieter dié gesag verleen is, deur 634 persone onderteken was,[100)] terwyl Burger nie meer as 51 mense op 'n vergadering kom kry nie. Trouens, toe die Burger-volksraad op 10 Desember 1846 vergader het, was die Raad nog nie voltallig nie, hoewel dit die vurige begeerte van die Volksraadsgesinde publiek was om dit voltallig te maak. Die Volksraad het besluit dat dit op daardie stadium nog nie moontlik was nie omdat hulle ondersteuners te min was en dat gewag moes word op die mense wat blykbaar nog in aantog was.[101)]

Op hierdie stadium het die Potgieter-regering sy hoogtepunt bereik,[102)] maar in die volgende maande sou sy gesag aansienlik verswak deurdat baie van sy ondersteuners om verskillende redes Ohrigstad verlaat en na die Magaliesbergse wêreld teruggekeer het.[103)] Dat Potgieter se posisie benard geword het, blyk uit sy brief aan Gert Kruger teen die einde van 1846, waarin hy o.a verklaar dat die toestand in verband met die

> "tweede maatschoepey, die zeg van ons verweyderd hebben,"

so ondraaglik word

---

99) Soutter-versameling, Pakkie 1, no.6a, 6b en 6c.

100) Kyk hierbo, bl.117, voetnoot 96.

101) Volksraadsnotule, Ohrigstad, art.4, 10 Des.1846. (<u>S.A.Argiefstukke</u>, Tvl., no.1, bl.58).

102) Van Heerden: <u>Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R.</u>, bl.76.

103) Krüger: a.w., bl.99.

"dat ik verplicht ben U en uwe onderhoorige menschen aan de beloften aan myn gedaan ten teyden van uwer aanzyn alhier te herhenderen, en moet u rondborstig melden dat, indien den voorsten menschen my niet tot hulp koomen om deze onaangenaamheyd uit den weg te ruimen door eenpaerigheyd naar herwaarsd op te kommen, ik de vreezelykste gevolgen voor ons te gemoete ziet."

Hy meld verder dat as hy nie spoedig hulp kry nie,

"onze zaak onherstelbaar zal verlooren gaan,"

en dat

"als wy onze zaak uit zwakheyd zoude moeten opgeeven welk vooruitzigt is er dan voor ons anders dan weder schandelyk onder het Engelschen juk te moeten onderwerpen of te buigen onder een partey onzer landgenooten die ons nog erger zullen behandelen als een strengen en ongenaaedige Gouverdement."

Hy spoor Kruger aan om so gou as moontlik handelend op te tree want die teëparty word daagliks sterker en "die van ons zwakker."[104)]

Drie dae na hierdie brief geskrywe is, rig hy 'n ander noodoproep aan Gert Kruger, waarin hy hom dringend herinner aan die hulp wat sy ondersteuners hom in 1845 beloof het.[105)]

Vanaf die begin van 1847 het sake vinnig ontwikkel, toe die Volksraadsparty, onder leiding van Burger, en versterk deur die aankoms van 'n steeds intrekkende stroom Natalse Emigrante, hulle agitasie teen die Potgieter-regering verskerp het. Potgieter is selfs by die inboorlinge verdag gemaak en getuienis teen hom is by hulle ingewin.[106)] Potgieter het gemeen dat hy in besit moes wees van die staatsdokumente, wat nog altyd onder die sorg van Burger was, en toe laasgenoemde weier om dit af te gee, het dit byna op 'n gewapende botsing uitgeloop.[107)] In Maart 1847 is 'n burgeroorlog voorkom

---

104) R.118h/46: Potgieter aan G.J.Krüger, d.d. 10 Des. 1846. (Voortrekker-argiefstukke, bll.247-249).

105) R.118i/46: ibid., d.d. 13 Des.1846.(Ibid.,bll.249-250).

106) Bv. R.118h/46 (kyk hierbo, voetnoot 104); R.119/47: "Onderzoek der Commissie van eniege Kaffers Opperhoofden," d.d. 18 Jan.1847. (Voortrekker-argiefstukke, bl.251); adR.119/47: ibid.,(Ibid.,bll.251-253); R.119d/47: Volksraadsnotule, Ohrigstad, 10 Feb.1847. (Ibid.,bl.255); R.121b/47: De Lange aan L.Erasmus, d.d. 2 Junie 1847 (Ibid.,bl.272); R.125b/47: De Lange aan kommandant Van Rensburg, d.d. 28 Aug.1847. (ibid.,bl.282); kyk ook Potgieter en Theunissen, a.w., bll.163-164.

107) Kyk Wichmann: a.w.,bll.61-62; Potgieter en Theunissen: t.a.p.,bll.165-171; Preller: Andriës Pretorius, bll.139-147.

toe die twee partye na samesprekings besluit het om die geskille aan die arbitrasie van Smellekamp te onderwerp, en dat die twee regerings intussen staande sou bly aangesien die een die ander nie wou erken nie.[108)]

Tot 'n oplossing van die moeilikhede het dit egter nie gekom nie. Potgieter het sy gang gegaan hoewel hy baie volgelinge verloor het,[109)] en nuwe verkenningsekspedisies onderneem.[110)] Die Volksraadsparty het, hoewel swak, hulle bes gedoen om die Volksraad staande te hou. Dit het maar moeilik gegaan en hoewel hulle probeer het om die moeilikhede uit die weg te ruim,[111)] kon hulle nooit tot 'n magsposisie geraak nie.[112)] Baie mense het Ohrigstad verlaat vanweë die koors en Hendrik Potgieter het besluit om met 'n aantal volgelinge na Zoutpansberg te verhuis. Hierdie verhuising was aan die begin van 1848 voltooi en is die dorpie Schoemansdal as hoofkwartier aangelê.[113)] Na die verhuising het Potgieter hom maar min aan die Ohrigstadse Volksraad gesteur maar vanweë nuwe verwikkelinge wat in die Transvaalse Republiek meegebring is deur die aankoms van Andries Pretorius, sou Potgieter gou weer binne die politieke strydperk wees.

7. Optrede van Pretorius in Transvaal.

Na die mislukking van sy voorgenome samesprekings met die Goewerneur van die Kaapkolonie, het ook

---

108) R.120i/47: Ooreenkoms tussen Potgieter en gesante van die Volksraadsparty, d.d. 2 Maart 1847. (Voortrekker-argiefstukke, bll.267-268). Kyk ook Krüger: a.w., bl.100; Wichmann: a.w., bl.62; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R. bl.77.

109) Kyk bv. R.130/47: Versoek van Potgieter dat almal wat hom nog ondersteun, hulle name moet teken, d.d. 16 Nov.1847. (Voortrekker-argiefstukke, bl.289); V.R.36/47: Landdros Lombaard aan Volksraad, Ohrigstad, d.d. 24 Des.1847. (S.A.Argiefstukke, Tvl.,no.1, bll. 241-242).

110) Vgl. Potgieter en Theunissen: a.w., bll.176-180; Krüger: a.w., bll.103-104.

111) Vgl. bv. E.V.R.104, V.R.50/48: J.de Clercq e.a. aan Ohrigstadse Volksraad, d.d. 3 April 1848. (S.A.Argiefstukke, Tvl., no.1, bll.253-254).

112) Vgl. bv. die verkiesing op 15 Des.1847, toe slegs 100 stemme uitgebring is. (Wichmann: a.w., bl.64; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bl.77.

113) Vir volledige besonderhede kyk Krüger: a.w., bll. 100-112; Wichmann: a.w., bll.62-65; Potgieter en Theunissen: a.w., hoofstuk XVII.

Andries Pretorius besluit om Natal te verlaat en hom in Transvaal te gaan vestig. Hoewel Pretorius blykbaar van voorneme was om hom nie meer met staatkundige sake te bemoei nie, het omstandighede hom gedwing om sommer direk by sy uittog uit Natal in belang van veral die Trans-oranjese burgers, waarvan die Winburg-gedeelte onder die Transvaalse Republiek gesorteer het, op te tree.

Toe sir Harry Smith en Pretorius mekaar aan die begin van Februarie 1848 aan die Tugelarivier ontmoet het, toe Pretorius besig was om Natal te verlaat, en Smith aan hom bekend gemaak het dat die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier as Britse gebied geannekseer gaan word omdat die meerderheid van die Trekkers dit sou begeer, en selfs die klaar opgestelde proklamasie aan hom voorgelees het, het Pretorius besef dat die tyd kort was en dat onmiddellike optrede noodsaaklik was. Hy het Smith gevra om met die proklamasie te wag totdat hy (Pretorius) die gevoelens van die volk verneem het, omdat hy oortuig was dat Smith se informasie verkeerd was. Onder die versekering dat Smith sou wag, het Pretorius haastig vertrek.[114]

Onder uiters moeilike omstandighede het Pretorius die land deurreis en vanaf Winburg tot in Ohrigstad vyftien volksbyeenkomste toegespreek, waarop almal hulle teen die Britse gesag verklaar het.[115] Die reis het hom egter niks gehelp nie omdat Smith, nieteenstaande sy belofte, byna onmiddellik Trans-oranje geannekseer het.[116] Hierdie byeenkomste is deur Pretorius gehou sonder dat hy die toestemming van die Ohrigstadse Volksraad of van Potgieter daarvoor ontvang het. Hy het dus in private hoedanigheid opgetree en is ook as sodanig deur die Volksraad beskou.[117] Op hierdie tydstip

---

114) Kyk Preller: Andries Pretorius, bll.336-342.

115) Die hou van 'n vergadering in Ohrigstad het nie die goedkeuring van Potgieter weggedra nie omdat hy niks met die Engelse te doen wou gehad het nie. Hy was ook teen enige vorm van onderhandeling gekant. Gevolglik moes Pretorius in die gebied feitlik huisbesoek doen om die gevoelens van die inwoners te verneem. (Potgieter en Theunissen: a.w., bl.191).

116) R.376/52: Andries Pretorius aan assistent-kommissarisse Hogge en Owen, d.d. 5 Feb.1852. (Transvaalse Argiefstukke, 1850-1853, Pretoria, 1949, bl. 173).

117) W.J.Badenhorst: Andries Pretorius en die totstandkoming van die Sandrivier-konvensie. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van S.A., 1931), bl.20.

van Pretorius se verskyning in Transvaal was die stryd tussen Potgieter en die Volksraad in volle swang.

Pretorius het hom in 1848 in die nabyheid van die latere Pretoria op sy plaas kom vestig. Die naam van hierdie plaas, Rust der Ouden, gee alreeds 'n aanduiding dat Pretorius nou wou kom rus het. Hierdie rus sou nie lank duur nie of Pretorius bevind hom aan die spits van die inwoners van die Oranjerivier-soewereiniteit in 'n poging om hulle verlore vryheid te herwin en die anneksasie van die gebied tot niet te maak. In hierdie stryd, wat met die noodlottige Slag van Boomplaas op 29 Augustus 1848 ten einde geloop het, het Pretorius as militêre leier die agting van seker al die Trekkers in die gebied gewen, en is hy as hulle enigste voorman beskou.[118)]

Pretorius het selfs ook nadat hy Warden uit Bloemfontein verdryf het, in binnelandse sake die leiding geneem. Op 17 Julie 1848 het hy 'n brief aan Adam Kok, kaptein van die Grikwas, gerig en hom versoek om na Bloemfontein te kom om 'n vredes- en vriendskapsverdrag met die Boere te sluit. Hierdie brief het egter nie sy bestemming bereik nie,[119)] sodat hy hom op 7 Augustus weer tot Kok gewend het, waarop Kok 'n heel vriendelike antwoord gestuur het.[120)] Eweneens het hy op 12 Julie 'n proklamasie uitgevaardig, waarin hy almal, wat nie ten gunste van die Boere-saak was nie, gebied om oor die Oranjerivier te gaan. Geen persoon sou toegelaat word om neutraal te bly nie en diegene wat nie mét hulle sou wees nie, sou as vyande beskou word.[121)]

---

118) I.v.m. Pretorius se optrede in die Oranjerivier-soewereiniteit, kyk Preller: Andries Pretorius, bll. 347-375; J.H.Malan: Die Opkoms van 'n Republiek, Bloemfontein, 1929, hoofstukke 10, 12, 13; Wichmann: a.w., bll.65-70; Van Heerden: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die S.A.R., bll.77-81.

119) Die brief is onderskep en in 'n vertaalde vorm gepubliseer in The Graham's Town Journal, 7 Okt.1848.

120) R.147/48: Hendruk (namens A.Kok) aan Pretorius, d.d. 10 Aug. 1848. (Voortrekker-argiefstukke, bl.333). Kyk ook i.v.m. Pretorius se optrede teenoor inboorlinghoofde: R.145/48: ibid., d.d. 29 Julie 1848. (Ibid., bl.332).

121) Ook hierdie proklamasie is onderskep en vertaald gepubliseer in The Graham's Town Journal, 7 Okt. 1848. Vgl. ook in dieselfde koerant die vertaling van Pretorius se brief aan Jacobus Snyman, d.d. Bloemfontein, 22 Julie 1848.

Die optrede van Pretorius in die gebied tussen die Oranje- en Vaalrivier het van die begin af nie die goedkeuring van Potgieter weggedra nie omdat hy enige botsing met die Engelse wou vermy. Hoewel 'n hele aantal burgers, onder wie vriende van Potgieter was, soos kommandante Gert Kruger en Hermanus Steyn, saam met Pretorius oor die Vaalrivier getrek het, het Potgieter hom nie self in die onluste gaan inmeng nie omdat hy die stryd teen die Engelse nie alleen as hopeloos beskou het nie, maar dit ook vir die Transvaalse vryheid gevaarlik geag het.[122)]

Die optrede van Pretorius in die Vrystaat en Transvaal gedurende 1847 en 1848 moet nie gesien word as 'n poging van sy kant om in dié gebiede tot 'n magsposisie te geraak nie, maar het die burgers van veral die Oranjerivier-soewereiniteit hom in sodanige posisie gestel, en eenmaal weer aan die gang, het Pretorius hom weereens as leier van sy volk geopenbaar.

Op 7 en 8 Februarie 1848 het Pretorius weer in verband met die moeilikhede in die Oranjerivier-soewereiniteit 'n vergadering te Winburg toegespreek waar ongeveer 240 Boere vergaderd was. Van hierdie vergadering skrywe Majoor Warden dat die vergaderdes

> "unanimously elected Pretorius as their Commandant General." 123)

Op 21 Februarie het Pretorius 'n vergadering van inwoners van die Mooiriviergebied toegespreek, waar hulle nie vir Pretorius as hulle kommandant-generaal begeer het nie, maar wel as hulle kommandant. Pretorius se reaksie hierop sou gewees het:

> "Well as you make this objection to my being Commandant General, and as I have everywhere else been chosen as such, I cannot view this as a conclusive meeting. I shall therefore call another." 124)

Hoewel almal vir Pretorius nie as kommandant-generaal wou erken nie, was daar in elk geval 'n groot aantal Vrystaters, by name die Winburgers, waar 'n regeringloosheid geheers het, gewillig om hom in sy vroeëre amp

---

122) Vgl. Potgieter en Theunissen: t.a.p., bl.195.

123) Kyk ook Wichmann: a.w., bl.73.

124) E.O.1119, bl.89: Herinneringe van McCabe, 14 Maart 1848, Bloemfontein. Sou hierdie optrede van die Mooirivierse Boere iets te doen gehad het met die besluite van 6 Mei en 1 Augustus 1845 in verband met die hoofkommandant- en bestierderskap van Potgieter?